Waarom sing ons nie Halleluja liedere nie?

DJC van Wyk

Die Halleluja Sangbundel

Wanneer daar deur ons van halleluja liedere gepraat word, word daarmee bedoel 'n sekere tipe godsdienstige of geestelike lied, waarvan daar 'n groot getal in Die Halleluja sangbundel opgeneem is. Dit is 'n sangbundel, uitgegee deur N.G. Kerkuitgewers, saamgestel deur 'n hele aantal teoloë en kerkmusiekkenners uit die Ned Geref Kerk. Die Halleluja het deur die jare geliefd geraak in die Ned Geref Kerk, veral by Jeugverenigings, die A C S V en Sondagskole.

Daar moet onthou word dat nie alle liedere wat in Die Halleluja sangbundel opgeneem is, van hierdie halleluja liedere is nie. Daar is immers ook 'n groot getal van ons gewone psalms en gesange opgeneem. Dit is belangrik om dit te onthou met die oog op die latere beantwoording van die vraag: Waarom is 'n aantal liedere uit Die Halleluja in die nuwe Afrikaanse gesangboek opgeneem?

Maar eers is dit nodig om tot duidelikheid te kom oor die vraag: Wat is 'n halleluja lied? Uit wat hierbo gesê is, is dit duidelik dat die blote opname van 'n lied in die Die Halleluja sangbundel nog nie daarvan 'n halleluja lied maak nie. Ons psalms en gesange is tog nie halleluja liedere nie!

Daar moet dus 'n bepaalde kenmerk, karakter wees wat die liedere wat ons tipeer as halleluja's dra, en waarvan 'n groot getal in Die Halleluja sangbundel opgeneem is.

Wat is 'n Halleluja Lied?

Die vraag kan die beste beantwoord word deur vir 'n oomblik te dink aan wat die vereistes en kenmerke is vir die egte, Protestantse kerklied. Die eerste groot beginsel is dat die kerklied Woordgebonde, skriftuurlik verantwoord moet wees. Die kerklied, of dit 'n psalm, 'n gesang of 'n geestelike lied is, (Kol 3:16) kan in niks anders as in die Woord van God gewortel wees nie. Die Woordinhoud van die kerklied bly altyd primêr. Die melodie, die musiek is tweede in belangrikheid en is dáár ter wille van die eerste, die woorde. Die melodie dra en vertolk die woorde.

Daarmee het ons dus al klaar gesê dat enigiets nie goed genoeg in God se diens is nie. Ons kan nie maar tevrede wees met die goedkoopste en maklikste nie. Die Woord van die Here is heilig en verhewe. Die lied waarmee ons op die Woord van die Here antwoord, moet waardig en paslik wees. Daarom is die musiek en lied van die kerk nou eenmaal anders as alle ander musiek en liedere.

Natuurlik moet die kerklied, en daarmee bedoel ons psalms, gesange en geestelike liedere, ook eenvoudig, sing-

baar wees. Niemand het dit sterker beklemtoon as Calvyn nie. Maar eenvoud, nederigheid en singbaarheid beteken nie dat dit goedkoop en maar net populêr moet wees nie. Die mens is onkeerbaar in sy begeerte om altyd alles van God wat heilig en verhewe is, neer te haal na die aarde en menslike vlak toe. Daarom die koppige aandrang om tog in die moderne Pop-idioom in die kerk te kan sing en musiek maak.

Net so koppig het die Protestantse kerk egter nog altyd daaraan vasgehou dat die kerklied eenvoudig en singbaar moet wees, nie beteken dat dit goedkoop en oppervlakkig mag wees nie. Daar is direkte verband tussen geloofslewe in die kerk en sang in die kerk. Die moderne aandrang tot populârisering van die kerksang weerspieël oppervlakkigheid in die geloofslewe. Net soos die geweldige diepte en krag van die geloofslewe in die tyd van die Kerkhervorming weerspieël word in die stoere krag en egte vroomheid van die ou Geneefse psalmmelodieë. Dat 'n oppervlakkige gevoelsgodsdiens onbegrypend en vreemd teenoor hierdie "ou goud" soos Psalm 42, 68, 72 en vele andere staan, is eintlik vanselfsprekend. Die klagte dat die ou Geneefse melodieë onsingbaar is, is verder te wyte aan ons eie geestelike luiheid in die diens van God. Alle inspanning, ook die leer en oefen van ons kerklied, is te veel en word vermy. Alles moet net op die maklikste en goedkoopste manier!

Uit wat nou gesê is, kan ons dus konkludeer dat die egte kerklied is waarmee die kerk die Here prys en dank, waarmee die kerk sy geloof in God bely of waarmee die kerk sy skuld voor God bely. Die gelowige het deel aan al hierdie uitinge as deel van die gemeente van Jesus Christus. Die middelpunt van die egte kerklied, die objek waarop dit gerig is, is God, net soos in die regte prediking van die Woord, God self altyd in die sentrum staan: sy eer, sy lof, sy genade, sy diens.

Die Piëtisme en Metodisme na die kerkhervorming het hierin verandering gebring. Dit maak van die geloof 'n baie meer subjektiewe saak. Dit beteken dat God nie meer in die middelpunt van die prediking, geloof, gebed en kerklied staan nie, maar die mens. Wat altyd die geloofsbesit van die kerk was, word nou die geloofsbesit van die enkeling. Die tema van die kerklied word nou: Bekering, heiliging, liewe Jesus. Afgewend van die wêreld, geniet die vrome sy Jesus. (Nie die Christus nie). Kerkliedere maak plek vir ek-liedere. *Alles gaan nou om eie saligheid.*

In die ergste vorm van subjektiwisme in Piëtisme en Metodisme beheers die gevoel, die emosie alles. Die lied is bedoel om te tref, te ontroer. Die kerk se verkondiging maak

plek vir 'n "thrill". Dit word 'n fisiese tegniek, 'n ervaringsproses, wat die begin van die moderne musiek genoem kan word.

As ons nou in die lig van wat tot dusver gesê is, kyk na die liedere in Die Halleluja, moet 'n mens sê dat die meeste daarvan, uitgesonder die psalms en gesange, nie beantwoord aan die vereistes van die Protestantse kerklied nie, maar baie meer die kenmerke vertoon van die Metodistiese tipe gevoelslied. Ons kan nie hier volledig wees nie, maar wys slegs op die titels van 'n klompie egte halleluja liedere: *Kroon Hom met krone blink; Red wat verlore gaan; Ek sien 'n poort wyd ope staan; Saggies en teer is die roepstem van Jesus; Gaan vlug met jou smarte; Byna bewoë, Christen te wees; Net soos ek is, geen hulp van naby; Blye verseekring, Jesus is myn.*

'n Studie van die woorde van baie van hierdie liedere toon dat dit met God en sy Woord weinig te maak het, of soms slegs gedeeltelike waarhede bevat. Naas die woorde is die melodieë deurgaans van 'n baie swak gehalte. Dit kom nie naby die waardigheid en verhewenheid wat pas by die Woord en erediens van God nie. Dit kom selde bokant die vlak van die goedkoop, populêre, emosionele, soetsappige uit.

Om hierdie rede het die Hervormde Kerk konsekwent deur die jare die sing van halleluja liedere in die erediens geweer en dit buite die erediens ontmoedig.

Halleluja Liedere in Ons Nuwe Gesangboek

Dit is teen hierdie tyd bekend dat 'n groepie liedere wat by ons bekend geraak het uit Die Halleluja in die nuwe Afrikaanse gesangboek opgeneem is. Beteken dit nie 'n weerspreking van ons eie standpunt nie?

Soos aangedui, verstaan ons onder 'n halleluja lied, 'n lied met bepaalde tipiese trekke, wat so 'n lied volgens ons Kerk se oordeel nie geskik maak vir kerklike gebruik nie. In Die Halleluja sangbundel was egter, naas psalms en gesange, ook ander liedere opgeneem; sommige ou Protestantse kerkliedere, waarteen nie altyd dieselfde besware ingebring kan word nie. Baie van die liedere was nie in ons ou gesangboek opgeneem nie. So byvoorbeeld die baie bekende kerslied, *Kom herwaarts getroues.* Die opneem van sommige van hierdie liedere kon dus wel tot verryking van ons kerklied-skat dien. Met die doel is uit die Nederlandse, Franse,

Duitse en Engelse kerksangbundels gehaal wat vir ons bruikbaar kan wees, so ook uit Die Halleluja sangbundel. Die riglyn was dus nie waar 'n betrokke lied voorheen opgeneem was nie, maar wel of 'n lied, waar hy ookal voorkom, voldoen aan die Bybelse en Reformatoriese vereistes vir 'n kerklied, naamlik waardigheid en singbaarheid.

Dat 'n hele paar halleluja liedere, net soos ook ander liedere, teen die sin van die Hervormde Kommissie opgeneem is omdat dit nie aan bogenoemde eise voldoen nie, is waar. Dat daar in ons ou gesangboek ook heelwat sulke gevalle is, is net so waar. Waar verskillende kerke moet saamwerk aan so 'n sangbundel, is bepaalde toegewings op die duur onvermydelik.

Orde in die Kerk en in Ons Geloofslewe

In die huis en gemeente van die Here heers daar orde, nie wanorde nie. Daar kan alleen orde wees in die kerk, net soos in 'n land of in 'n huisgesin, as daar aan duidelike riglyne gehou word. In sy Wet en Bepalings het die Hervormde Kerk sulke riglyne daargestel. Ten opsigte van die kerksang word bepaal dat in die erediens slegs psalms en gesange gesing word, soos dit in die kerkboek staan. Daarmee wil die kerk nie 'n gesonde verskeidenheid verbied nie. In die nuwe gesangboek het die kerk juis so 'n wyd as moontlike verskeidenheid liedere opgeneem. Maar met hierdie bepaling wil die kerk alle menslike willekeur uitsluit. In die kerk maak elkeen en sing elkeen nie wat en soos hy wil of waarvan hy hou nie. In sy psalm- en gesangbundel het die kerk 'n riglyn neergelê van goedgekeurde liedere waaraan elkeen hom moet hou.

Willekeur ontstaan nie net daar waar 'n kerkraad of 'n predikant of 'n lidmaat of wie ookal besluit om halleluja liedere of enige ander liedere buite die goedgekeurde bundel in die erediens te laat sing nie. Dit ontstaan ook daar waar liedere anders, of op ander wysies gesing word, as wat in die amptelike bundel van die kerk goedgekeur is. Die nare gebruik om 'n psalm of gesang op 'n ander wysie te sing as wat daarby afgedruk staan, toon totale onkunde vir die feit dat woord en melodie nou met mekaar verbonde is en trek 'n streep deur die moeisame en duur werk van 'n hele hersieningskommissie.

Daar bly nog een vraag oor: Kan halleluja liedere dan maar by jeugkampe, katkisasieklasse of studentesaamtrekke of toere gesing word? Dit is tog buite die erediens. Dit word dikwels so gedoen en dit klink miskien reg. Ons glo egter selfs dit moet vermy word. Wat nie waardig en paslik is vir ons ge-

loofsuitinge in die erediens nie, kan ook nie buite die erediens waardig en paslik wees nie. Maar wat meer is: Hoe 'n gulde geleentheid kan H S V toere, -kampe, -vergaderings, jeugkampe of ander byeenkomste nie wees om juis aan die jong toekomstige lidmate van die kerk die psalms en gesange te leer nie. Hoe geweldig baie kan dit nie bydra om die gemeente se sang te verbeter nie! Ons jong onderwysers kan, deur hulle invloed reg te gebruik, baie daartoe bydra dat die kinders op skool die psalms en gesange aanleer en sodoende van kleins af liefde daarvoor leer om saam met die kerk, soos die kerk, die lied van die kerk te sing.

HAUM Posbus 460, Pretoria